GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 3 GEDIGTE:

MOENIE DIE MELK VERGEET NIE

As jy dalk later kafee toe gaan,
bring asseblief ‘n paar goedjies saam:
‘n liter koeldrank,
geel kaas met ‘n rooi kant
en vandag se koerant
(EN MOENIE DIE MELK VERGEET NIE!)

Hoe laat is dit nou?
Is die winkel nou oop?
Sal jy asseblief die paar goed
vir my koop?
‘n Dosyn eiers,
‘n sakkie lemoene,
botter, ‘n halwe kilogram,
en ook ‘n paar stukkies ham.
(O. EN MOENIE DIE MELK VERGEET NIE!)

Daar’s nog ‘n paar dinge op my inkopielys;
‘n Pakkie rys en hoendervleis.
Appels en wortels (ses van elk)...
(EN ONTHOU ASSEBLIEF VAN DIE MELK!)
O, ek sien jy’s terug, maar...
WAAR IS DIE MELK?

Jaco Jacobs

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

‘N MIER HET MY GEBYT!

‘n Mier het my gebyt!
Ja, ek weet ‘n mier is klein,
Maar dié een was ‘n MONSTER –
kyk hoe krul ek van die pyn.
‘n Mier het my gebyt!
‘n Wilde, woeste mier!
Dit voel of ek gaan flou val,
want die bytplek brand soos vuur.
‘n Mier het my gebyt!
Voor ek kon keer het hy
my vinger – ja, my VINGER! –
in sy kake beetgekry.
‘n Mier het my gebyt!
Ek voel my vinger klop.
Is dit net my verbeelding
of swel AL my vingers op?
Dink Ma dis dalk nodig
om die ambulans te bel?
Ons kan dankbaar wees ek lewe
om die storie te vertel.
Só ‘n wrede insek-aanval
het ek wraggies nie verwag nie...
En ek dink ek kan DEFINITIEF
nie skool toe gaan vandag nie!

Jaco Jacobs

NUKLEUS
KULTUUR

AL STAAN JY OP JOU KOP

Dit is makliker om deur tronktralies te kou,
‘n toring van gaar spaghetti te bou,
‘n seekoeibul aan sy stert op te tel
of om McDonald’s op Mars te bestel.
Dit is makliker om die Mona Lisa te steel,
jou voorkop te lek of deur nul te deel,
‘n Walvis aan die wasgoeddraad op te hang
of ‘n ystervark met jou kaal hande te vang.
Dit is makliker om ‘n mak T-Rex te koop,
tamaties te kweek van kappertjiesaad,
of oornag vlot Italiaans te leer praat.
Ja, dis áls makliker
as om my pa te oorreed
om pynappel
op sy pizza te eet.

Jaco Jacobs